Nog eenmaal gaan Ek die Aarde laat skud – deur P.K. Odendaal Nov 2005

Ek het voorheen kortliks gepraat oor die aarde wat geskud is. Heb. 12:26 Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe. Dit is die teken van die sesde seël wat die Here Jesus gaan oopmaak.

Open 6:12 En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed;

13 en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval;

14 en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit;

Hierdie is duidelik 'n hemelliggaam wat op die aarde val en ek het ook geen twyfel dat hierdie verwoesting deur 'n paar komete gedoen sal word nie.

Open 9:8 En hulle het hare gehad soos vrouehare

Om die skrif beter te verstaan moet ons weet wat is die gedrag van 'n komeet en ek verduidelik dit hier kortliks.

Die sonnestelsel het ontstaan uit die gas, stof en as van 'n ster wat ontplof het. Die stof en as wat baie ver in die ruimte uitgeslinger is en nie aan die son- en planeetvorming deel gehad het nie, dryf steeds as stof en meteoriete buite die baan van Pluto rond en staan bekend as die Kuiper belt (100 tot 200 keer die afstand van die son na die aarde). Buite hierdie belt is daar verdere wolke van meteoriete en stof wat as die van Oort wolk bekend staan. Al hierdie voorwerpe dryf rond in ewewig met die son se aantrekkingskrag en beweeg nie nader aan die son nie.

Dit gebeur egter soms dat voorwerpe in die Kuiperbelt versteur word deur bv. Planete wat opgelyn is of komete wat vanaf die van Oort Wolk op pad na die son is.

Die planete is in 2003 opgelyn en kon so versteuring veroorsaak het, maar die skrif dui op die versteuring deur 'n komeet uit die Van Oort wolk.

Open 12:4 en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi.

Alhoewel hierdie komete op pad son toe is kan dit gebeur dat hulle naby 'n planeet verbygaan en indien die planeet en die komeet se massas groot genoeg is sal die planeet hulle aantrek en hulle sal op die planeet neerstort.

Aangesien hulle so ver van die son af is is hulle massas gevrieste water en metaangas. Indien hulle binne die atmosfeer van die aarde kom sal hulle nie smelt nie, maar die ys sal opbreek in blokke soos 'n ysbakkie maak as mens warm water daarop gooi. Hierdie is die bron van die haelstene wat 'n talent weeg

Openb. 16:21 'n groot hael, omtrent 'n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was.

Ons huise se dakke sal nie sterk genoeg wees om die hale te keer nie en die mense sal na grotte en spelonke toe vlug. Ongelukkig sal die grotte en spelonke te min wees vir al die mense en hulle sal wens dat die berge hulle bedek.

Openb. 16:15 en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge,

16 en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon Sit, en vir die toorn van die Lam;

17 want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?

As so komeet die aarde tref op 'n ander plek as die ewenaar sal die komeet die aarde laat waggel soos wat 'n tol wat mens gooi waggel as dit versteur word.

Jes. 24:20 Die aarde waggel geheel en al soos 'n dronkaard en swaai heen en weer soos 'n naghut; en sy oortreding is swaar op hom; en hy sal val en nie weer opstaan nie.

Omdat die aarde dan waggel sal die dae verkort (en die nagte verleng) word aangesien beide pole van die aarde in dieselfde seisoen (miskien daagliks) die verste van die son sal wees.

Mark 13:20 En as die Here dié dae nie verkort het nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies het, het Hy dié dae verkort.

A.g.v. die ontploffing sal 'n deel van die osoonlaag verdwyn en die son sal skade aan mens en dier se velle aanbring – ook daarom word die dae verkort.

Open. 16:11 en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie.

Sommige komete word so oorverhit dat hulle al hul ys as gas verloor en self begin brand wanneer hulle die aarde se atmosfeer binnekom.

Openb. 8:7 En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand.

Openb. 16:2 Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het.

Openb. 16:8 En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei. En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie.

Van die komete het ook in die see geval

Open 6:8 En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword, en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan.

Dink aan die Tsunami wat dit gaan veroorsaak

Dit was baie komete wat die aarde getref het.

Open 6:13 en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval;

Wanneer die komete die aarde tref ontplof hulle en maak 'n diep gat in die aarde. Die aarde se kors sal op daardie plekl smelt en daar sal baie vuur, stof en as wees wat 'n digte rookwolk oor 'n groot gedeelte van die aarde sal gooi sodat ons sekere tye van die dag en nag nie die son, maan of sterre sal kan sien nie.

Jes 24:23 En die maan sal rooi word van skaamte, en die son sal skaam wees; en Mark. 13:24 MAAR in daardie dae, ná dié verdrukking, sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre van die hemel sal val, en die kragte wat in die hemele is, sal geskud word. (Hoekom praat hy hier van die vyeboom – sien Openb. 6:13 hierbo)

Openb. 6:12 hierbo en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed;

Joël 3:15 Die son en die maan word duister, en die sterre trek hulle glans in. En die HERE brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en aarde bewe.

'n Groot bestandeel van komete is ook ysteroksied wat oorgebly het na die ontploffing van die ster wat ons sonnestelsel veroorsaak het soos bv. Mars. As hierdie rooi stof in die lug bly hang sal die reën die na riviere afvoer en die riviere sal so rooi soos bloed word. Sommige van hierdie komete mag ook brandende a.g.v. die wrywing met die atmosfeer in die see val

Openb. 8:8 en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword, en ook die riviere deur die reën.

Die Vredefort koepel (sien fotos) is 'n plek waar 'n meteoriet van 10km deursnee die aarde getref het en die skade in die vorm van berge wat gevorm is het 150km verder opgewel. Hierdie is maar 'n klein meteoriet.

Die Kuiper belt is alreeds in 1950 deur Kuiper voorspel, maar die eerste meteoriet is eers in 1992 ontdek. Die nuutste ontdekking in die Kuiperbelt is 'n meteoriet van 1600 km deursnee (amper so groot soos Pluto) wat in 2003 ontdek is. Sy naam is 2003EL61 met kodenaam Santa. Daar is hierdie jaar (2005) weer een ontdek 2005FY9 wat selfs nog groter as Santa kan wees.

Om op te som moet 'n mens besef dat net soos Farao Israel nie wou laat gaan het voordat die Here 10 plae in Egipteland gestuur het nie, net so sal die aarde nie die heiliges laat gaan voordat die 10 plae (die 7 seëls) en die drie weë volbring is nie. Mens moet ook besef dat die aarde net soos die mens met water (Die vloed) en vuur (komete) gedoop moet word om te vernuwe na die nuwe aarde.

Openb. 21:1 EN ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan.

WHAT A FRIEND